



2

EENHEID TWEE

DRESS UP! (DIE WAPENRUSTING)

DIE HARNAS VAN GERECHTIGHEID

Om in 'n regte verhouding met God te wees en te leef.

Eenheid Opdragte

- Voltooi [Geestelike Bepaling Nr. 1](#)
- Voltooi jou [Geestelike Reis](#)

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERVERS:

“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”

2 Korintiërs 5:21 (ANV)

G

R

BYBELSTUDIE:

In die vorige week se studie het ons begin kyk na die wapenrusting wat Paulus vir ons verduidelik in Efesiërs 6. Ons het gekyk na wat dit beteken om die waarheid as gordel vas te maak en hoe belangrik waarheid vir God is. Nie net is dit vir Hom belangrik nie, dit is wie Hy en wat sy Woord en evangelie is. Die waarheid is die basis van die wapenrusting wat ons nodig het om op ons pos te bly staan teen die aanvalle van die duiwel. Sonder die waarheid kan ons die res van die wapenrusting nie aantrek en gebruik nie.

O

Hierdie week gaan ons kyk na die borsharnas van vryspraak of geregtigheid en hoe dit ons help om weerstand te bied teen die duiwel. Vryspraak is ’n regsterm wat beteken om vrygespreek te wees van ’n aanklagte of skuld; om regverdig verklaar te word. Met ander woorde jy staan in ’n regte verhouding met die vereiste van die wet en het jy geregtigheid.

E

Jy is ook welkom om die Bybelstudie gedeeltes te gebruik in jou persoonlike stiltetyd. Volg die elemente soos uiteen gesit in die *21-Dae Stiltetyd Joernaal* om ’n gewoonte van persoonlike stiltetyd te vestig. Dit is belangrik om dit wat jy in die Bybel leer, toe te pas in jou lewe. Ons moenie net die Woord aanhoor nie, maar ons moet mense wees wat doen wat die Woord sê.

P

ROMEINE 3:21-26 – Hierdie gedeelte beskryf vir ons iets van hoe vryspraak in werking getree het en hoe dit tot ons beskikking is. Lees deur hierdie verse en kyk of jy die kern van hierdie gedeelte in jou hart kan vasmaak.

E

Hoe verkry ons hierdie vryspraak? Watter gevolge hou dit vir ons in?

ROMEINE 5:1, 6-11 – In hierdie gedeelte verduidelik Paulus vir ons verder wat God gedoen het ten einde vrypraak vir ons te bewerk asook die motief waarmee God dit gedoen het.

Probeer hierdie gedeelte in jou eie woorde opsom.



HANDELINGE 13:38-39; ROMEINE 4:5; GALASIËRS 2:16; 3:24 en TITUS 3:7 – Vrypraak beteken God verklaar ons onskuldig van ons sonde. Vrypraak behels dat God dink aan ons sonde as vergewe en dat Jesus se geregtigheid aan ons behoort. God verklaar ons geregtig voor Hom. Hierdie verse beskryf wat nodig is ten einde vrypraak te bekom en ook wat nié vrypraak kan bekom nie.

Lees elkeen van hierdie gedeeltes en skryf neer wat nodig is dat ons vrygespreek kan word.

R

O

2 KORINTIËRS 5:21 – Hierdie is 'n opsomming van die evangelie en verduidelik die groot ruiling wat God vir ons gemaak het aan die kruis.

Probeer hierdie vers in 'n paar Bybelvertalings lees. Wat word uitgeruil volgens hierdie vers – wat neem Jesus op Hom en wat gee Hy aan ons?

E

P

Hoe ons leef nadat ons tot geloof in Jesus Christus gekom het, bepaal ook hoe ons verhouding met God sal lyk. As ons Jesus die Here van ons lewe maak, is dit belangrik dat ons sal doen wat Hy van ons vereis ten einde in 'n regte verhouding met Hom te bly staan. Lees deur die volgende verse en bepaal wat van ons vereis word.

E

Johannes 14:15, 23-24. Hoe bewys ons ons liefde aan God?

Romeine 2:13. Is dit genoeg om net die waarheid te weet en dit nie toe te pas nie?

2 Korintiërs 6:6-7. Hoe belangrik is gehoorsaamheid aan God in geestelike oorlogvoering?

Efesiërs 5:6-11.

.....
.....

Jakobus 2:14, 17, 24; 4:17. Hoe belangrik is dit om te doen wat ons weet die waarheid is?

.....
.....



1 Johannes 1:6; 2:3-4; 3:7-10. Wat is die verhouding tussen gehoorsaamheid en geregtigheid volgens Johannes?

.....
.....

R


Opsomming:

Wat sou jy iemand antwoord wat wil weet hoe om 'n regte verhouding met God te bou? Nie seker nie? So baie keer weet ons nie wat om te antwoord nie omdat ons self sukkel om sekerheid in ons geloof te hê dat ons verhouding met God reg is. Ons wonder altyd of God nog "tevrede" is met ons of moet ons nou eers weer 'n paar dinge in plek kry voordat God ons aanvaar. Dit maak dat ons soms goed voel oor ons geloof en soms bang voel want ons "stel God teleur". Dit wil voorkom dat daar basies twee maniere is om 'n verhouding met God te bou en elke soort geloof in hierdie wêreld volg een van hierdie twee maniere.

E

WAT EK VIR GOD DOEN

Die eerste manier is *wat ek vir God doen* en dit word die beste opgesom deur die woordjie, *optrede* of *dade*. Optrede gaan oor wat ek doen (of nie doen nie) ten einde God se goedkeuring en aanvaarding te kry. Ek moet altyd seker maak dat ek genoeg van die dinge doen wat God wil hê ek moet doen, of selfs wat ek dink vir God belangrik is, sodat ek weet ek geniet God se goedkeuring. Óf, ek moet ophou met 'n klomp verkeerde dinge in my lewe om seker te maak dat God tevrede is met my. Dit is interessant dat die toewyding en vasberadenheid wat vereis word vir *optrede* tog 'n tipe goedheid skep wat ons *eiegeregtigheid* noem. Ek is dus direk verantwoordelik vir hoe geregtig ek voor God staan. As ek genoeg goeie goed doen, is dit meer en as ek foute maak is dit weer minder.




P

E

WAT GOD VIR MY GEDOEN HET

Die tweede manier hoe ons 'n verhouding met God kan bou, word gekenmerk deur **wat God vir my gedoen het** en dit word die beste vasgevang in die woordjie, **genade**. Genade verwys na wat God vir ons gedoen het deur Jesus se werk aan die kruis. Op die kruis het God ons sonde verruil vir Jesus se geregtigheid. Dit is hierdie groot ruiling waarvan Paulus in vandag se memoriseerversie praat, **“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” (2 Korintiërs 5:21(AOV)).**



G

Hierdie geregtigheid staan bekend as **verklaarde vrypraak** omdat God ons op die oomblik wat hierdie groot ruiling plaasvind, as vrygespreek verklaar. Vryspraak beteken nie dat ons sondeloos word nie. Dit beteken eerder dat God ons vryspreek van die skuld, betaling of straf vir al ons sonde. Hy vergewe ons. God hou nie net van ons nie, Hy het ons onvoorwaardelik lief!

R

deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem” (Kolossense 2:13-14).

O

Natuurlik kan ons God nog teleurstel en dan moet ons ons sondes bely ten einde weer vreugde te ervaar, maar niks kan sy liefde vir ons verander nie, omdat ons toestand voor Hom alleen gegrond word op wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Paulus beskryf soos volg hoe die groot ruiling tot vergifnis gelei het: **“Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak**

E

Genade beteken dat ons iets kry wat ons nie verdien nie. Nie een van ons het iets gedoen wat maak dat ons gered kan word nie. Ons het reeds gekyk na die effek van sonde in ons lewe en ons goeie daad is nie genoeg om God se standaard te haal nie. Nie net is ons goeie daad nie genoeg nie, ons motiewe is nie eers genoeg om gered te word nie. Tog bring God vir ons redding in Jesus Christus se dood aan die kruis – ons kry dus iets wat ons nie verdien nie: redding; en dit is genade. Dit is 'n gratis geskenk aan ons, maar dit het God duur gekos – die dood van sy Seun, Jesus Christus.

P


Dink aan die volgende vraag: **beteken die groot ruiling dat jy nou kan leef soos jy wil terwyl jy seker is van jou ewige redding?** Die antwoord is beide nee en ja.

E

Die antwoord is **nee** as jy bedoel dat 'n gebed van aanvaarding maak dat die groot ruiling plaasgevind het. 'n Gebed kan dalk jou begeerte uitspreek vir die groot ruiling, maar net soos 'n trouseremonie, skep die gebed nie liefde nie – die gebed moet 'n uitdrukking van liefde wees wat alreeds bestaan. Waar kom hierdie liefde vandaan? Dit is nuut gebore liefde, wat in die hart geskep word deur die genade van Christus se geregtigheid. Hierdie nuut gebore liefde noem ons **geloof**; dit is vertrouwe in God alleen vir geregtigheid. Die ruiling hou totaal en al verband met wat Hy gedoen het (genade) en nie wat jy kon doen nie (optrede).

Aan die anderkant is die antwoord ook **ja** omdat ware gelowiges vry is van sonde se skuld en ook vry is om te leef soos hulle goeddink. Hulle het nou die morele vermoë, as gevolg van genade, om vir God dinge te doen met 'n hart van liefde. Hierdie verander ons optrede van 'n uitdrukking van selfgeregtigheid na 'n **gedemonstreerde geregtigheid** – kyk na die onderstaande diagram.

Interessant genoeg verduidelik hierdie diagram ook die skynbare weerspreking in die Bybel tussen Paulus en Jakobus. Paulus het geleer dat ons vrygespreek word op grond van geloof apart van ons optrede, waar Jakobus dit benadruk dat geloof sonder daad waardeloos is. Hoe kan ons hierdie twee leringe versoen? Waarvan Paulus gepraat het was dat ons *verklaarde vryspraak* alleen afhang van Jesus Christus se werk aan die kruis (die 1ste deel van die diagram), en Jakobus het gepraat van die gedemonstreerde geregtigheid (die 2de deel van diagram). Hy wil wys dat as ons sê ons het verklaarde vryspraak, maar ons lewens demonstreer nie geregtigheid nie, dan het ons nog nooit waarlik Christus se geregtigheid ontvang nie.



So waar begin jou geestelike reis? Doen of gedoen? Indien jy sê **DOEN**, mag jy dalk heel moontlik 'n aantreklike, morele lewe leef, maar dit sal nie God se liefde en guns verdien nie. Vir Paulus en Jakobus is die enigste manier hoe ons 'n verhouding met God kan bou gebaseer op wat Jesus reeds *gedoen* het. Dis hoekom hulle die kruis aangehang het en verwag het om 'n geregtigheid gebore uit liefde te sien in die lewens van almal wat die kruis aanhang.

Sukkel jy met hierdie? Die meeste mense doen. Dit kom vir ons natuurlik om te leef in die optrede wyse van lewe. Dit **voel** vir ons dat ons net iets moet doen om in 'n regte verhouding met God te wees. Selfs al is jy 'n wedergebore Christen, mag jy dalk nog steeds sukkel met hierdie "*optrede- of doengedrewe*" manier van dink oor 'n verhouding met God. Het jy al ooit na jou morele foute in die verlede gekyk en gewonder of dit God se liefde vir jou beïnvloed? Kry jy jouself ooit dat jy gemotiveerd is om kerk toe te gaan, om geld

te gee, of om tyd in persoonlike stiltetyd te spandeer omdat jy bang is dat God se guns nie dieselfde gaan wees as jy nie doen nie?

Die rede hoekom ons baie keer sukkel met skuldgevoel en sukkel om vorentoe te gaan in ons verhouding met God is juis omdat ons nie die diepte en omvang van vryspraak verstaan nie. Hoe meer jy hierdie konsep begryp, hoe dieper sal jou waardering vir jou verlossing wees en hoe meer sal jy in aanbidding voor God staan.

Vryspraak is 'n regsterm. Wanneer iemand skuldig bevind word, word hulle veroordeel en moet hulle iets betaal vir hulle skuld – 'n boete of hulle moet tronk toe. Wanneer iemand onskuldig bevind word, word hulle onskuldig verklaar – hulle word vrygespreek van die aanklag – en dus is daar geen betaling nodig nie. As gevolg van wat Jesus vir ons gedoen het, is dit moontlik dat God, as Regter, die hamer kan slaan en ons onskuldig kan verklaar. Vryspraak beteken God verklaar die goddeloses onskuldig (Rom. 4:25). Hy verander hulle nie intern in perfekte, morele mense nie. Anders het hulle meriete of werke gehad waarop hulle kon roem vir verlossing. Nee, God verklaar

die goddeloses as geregtig in sy aangesig – nie op die basis van hulle goeie werke nie, maar in reaksie op hulle geloof in Jesus Christus wat alles moontlik gemaak het om te betaal vir hulle skuld.

God se vrypraak behels twee aspekte. Eerstens, dit beteken ons het geen skuld of boete om te betaal vir ons sonde van die verlede, die huidige of toekoms nie. Tweedens, God verklaar ons nie net moreel neutraal voor Hom nie, maar Hy verklaar ons as geregtig voor Hom.

Kyk na die prentjies hier-onder. As God net verklaar het dat ons sonde vergewe is, sou ons op morele vlak neutraal voor Hom gewees het. Dit is waar Adam en Eva was voor hulle gesondig het. God verklaar egter dat ons die meriete van perfekte geregtigheid voor Hom het! Hoe is dit moontlik? Hy reken Jesus Christus se geregtigheid aan ons toe. Ons sonde is aan Jesus Christus toegereken en daarom het Hy daarvoor betaal – Hy is gesien en hanteer as die skuldige sondaar en het met sy lewe betaal vir ons sonde; ons skuld. Maar omdat Hy perfek was, perfek gelewe het, met ander woorde perfekte geregtigheid gehad het, tel sy lewe ook vir ons punte en net soos ons sonde aan Hom toegereken is, word sy geregtigheid aan ons toegereken. Ons verdien niks van dit nie! Dit is genade!!




R

O


E

P


E



Waar Adam en Eva was voor hulle gesondig het – geestelik neutraal voor God.




Waar Adam en Eva was, en ons ook is as gevolg van ons sonde – geestelik in die rooi. Dis hoe Jesus in ons plek hanteer is: as sondaar.



Hoe Jesus was – geregtig voor God. Dis ook hoe God ons geregtelik sien as gevolg van vrypraak. Hy verklaar ons as geregtig voor sy aangesig.

Ons is almal sondig en skuldig. Jesus neem ons sonde op Hom en betaal die straf daarvoor. Hy neem ons sonde weg. Hy word in ons plek as sondaar deur God behandel – sommige vertalings verduidelik dat Hy sonde geword het vir ons (2 Korintiërs 5:21).

God verklaar ons as vergewe en onskuldig. Maar nog meer as dit: Jesus se geregtigheid word ook aan ons toegereken en God verklaar ons dus as geregtig. Ons is vrygespreek en Hy sien ons as geregtig op grond van wat Jesus gedoen het.



Die teenoorgestelde van vrypraak is veroordeling. God se vrypraak vir ons is die antwoord vir die moontlikheid indien iemand 'n aanklag teen ons wil bring. So 'n aanklag kan nie water hou voor God se uitspraak dat ons vrygespreek is nie. God sien ons as geregtig.

***“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.”
(Romeine 8:1)***

***“Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”
(Romeine 8:33-34)***

G

Hoekom al hierdie agtergrond? As ons die tweede deel van die wapenrusting – die borsharnas van vrypraak of geregtigheid – wil gebruik om te bly staan moet ons weet wie ons is in Jesus Christus en wat Hy vir ons gedoen het. Ons verhouding met Hom word nie gebou op wat ons gedoen het, of op hoe goed ons leef nie, maar op wat Jesus reeds gedoen het. Die duiwel gaan ons gereeld aanval met aanklagte – “jy sê jy is 'n Christen, maar kyk hoe leef jy; kyk wat het jy gedoen; nou het jy te ver gegaan; ensovoorts” – ons moet dan weet dat dit nie oor ons optrede gaan nie, maar oor wat Jesus vir ons gedoen het. Deurdadig dat ons in Jesus Christus is en in 'n regte verhouding met Hom staan, maak Hy dit nou moontlik dat ons geregtig kan leef. Hy maak dit moontlik dat ons nou dood is vir die sonde en kan lewe vir God (Romeine 6:11). Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy wil te doen (Filippense 2:13).

R

O

Ons moet besef dat om die wil van God te doen, vir ons as 'n wapen dien (2 Korintiërs 6:7). Wanneer ons weet wat die waarheid is en dit as gordel aantrek, is dit belangrik dat ons nou sal doen wat die waarheid sê. Om geregtigheid as borsharnas aan te trek beteken ek doen nou wat die waarheid sê. Ek doen nou wat ek weet die waarheid is. Die borsharnas rus op die gordel. Om geregtig te lewe, rus op wat ek weet die waarheid is. Die een kan nie sonder die ander nie.

E

P

Wanneer ons gehoorsaam is aan God en sy wil, bied dit weerstand teen die duiwel en dien dit as geregtigheid. Jakobus maak dit duidelik dat ons kan nie net weet wat die waarheid is nie, ons moet dit uitleef. Johannes skryf: ***“Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is”*** (1 Johannes 3:7). Die duiwel mislei ons deur vir ons te lieg – dis hoekom ons die waarheid nodig het, maar nou moet ons dit uitleef en toepas in ons lewens anders raak ons weer mislei.

E

As ons gehoorsaam aan God se verwagtings leef, leef ons met integriteit en is dit baie moeiliker vir die duiwel om 'n aanklag teen ons te bring. Wanneer ons in sonde leef, is dit 'n uitnodiging vir die werking van die bose in ons lewe en kom hy as die aanklaer en bring veroordeling en twyfel in ons lewens. Die borsharnas van geregtigheid is om jou lewe aan te pas by die wil van God wat die waarheid is; om jou manier van lewe aan te pas by die verwagtings van God. Die borsharnas is om te kies om 'n lewe te leef wat God eer – om gehoorsaam te wees; om heilig te leef en in die proses beskerm jy jou hart en bied jy weerstand teen die aanvalle van die duiwel.

REDIGERING EN TOEPASSING

Neem 'n paar minute en dink na oor die konsep van genade teenoor optrede. **Hoe sien jy jouself 'n verhouding met God bou? Op watter manier is jy optrede georiënteerd en op watter manier leef jy in genade?**

G

R

Wat is die verskil om geregtig verklaar (vrygespreek) te wees en om geregtig te leef? Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons die verskil ken? Watter invloed het die een op die ander?

O

E

Die waarheid van vryspraak is baie keer moeilik vir mense om te verstaan. **Wat maak dat ons sukkel om onself as onskuldig voor God te sien? Wat het jou gehelp om jou geloof te versterk in die belofte van God dat ons wel vrygespreek is?**

P

E

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Op watter manier het die duiwel al veroordeling in jou lewe gebring omdat jy nie die waarheid, wat jy ken, uitgeleef het nie?

O

Ervaar jy tans veroordeling van die duiwel? Op watter manier kan jy dit aanspreek in jou lewe?

E

P

Op watter manier probeer jy nog punte verdien deur sekere dinge te doen, omdat jy nog skuldig voel oor dinge wat jy in die verlede gedoen het?

E

Deel met die groep hoe die Heilige Gees jou oortuig het van 'n sonde in jou lewe in die laaste twee weke en hoe jy 1 Johannes 1:9 toegepas het. Wat was die gevolg? Deel so eerlik en toepaslik as moontlik.

EVANGELIE EN MISSIE

LEWE:

Jy het verlede week geleer dat die doel van dissipelskap is om volwasse en toegeruste volgelinge van Jesus te ontwikkel vir 'n verlore wêreld. Die doel van die EVANGELIE EN MISSIE gedeelte in die GROEPE Raamwerk is om jou te leer hoe om 'n lewe van missie te leef en hoe om dit wat jy in die ander afdelings van die raamwerk leer te gebruik om uit te reik na ander in jou lewe van missie.

SO WAT IS 'N LEWE VAN MISSIE?

Om daardie vraag te beantwoord, is dit belangrik dat ons begin by Jesus. Wat was sy missie? Kom ons kyk wat die Bybel sê:

“Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.”

Matteus 9:35

“Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Markus 10:45

“Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

Lukas 19:10

Na aanleiding van hierdie drie verse, hoe sou jy die missie van Jesus beskryf?

Op sy mees eenvoudige is 'n lewe van missie:
'n lewe wat gemotiveerd is deur die evangelie en bekragtig is deur die Heilige Gees om Jesus se missie op te neem.

Verbeel jou 'n grootkop in rugby kom na jou toe met 'n wonderlike aanbod. Hy het die vermoë om jou in 'n oomblik al die rou talente en atletiese vermoëns te gee om 'n professionele rugbyspeler te word. Hy kan ook in 'n oomblik vir jou 'n liefde vir die spel

gee. Wat dink jy sou jy doen met daardie geskenk? Sou jy 'n lewenslange rugby ondersteuner word? Seker dit ook, maar jy sal ook die ingewikkeldheid van die spel begin leer. Jy sal jou talente ontwikkel het en vir proewe gaan. Jy sou nie tevrede gewees het om net op die paviljoene te sit en die spel dop te hou nie. Op dieselfde manier, soos

wat 'n gelowige die lewensveranderende krag en liefde wat hy/sy in die evangelie ontvang het verstaan, motiveer dit hom/haar om 'n deelnemer in die missie van die evangelie, en 'n agent van die evangelie se liefde en krag te word – nie net 'n ontvanger en toeskouer daarvan nie.

EFESIËRS 2:8-10 wys dat die evangelie nie net die krag het om die ontvanger van genade te red nie, maar ook om die persoon te transformeer in 'n "speler". **Gaan lees Efesiërs 2:8-10 en gebruik die spasie om jou gedagtes en gevoelens neer te skryf van wat dit vir jou beteken om 'n agent van die krag en liefde, wat God deur die evangelie wys, te word. Is dit regtig moontlik? Hoe kan dit gebeur? Is jy seker jy wil 'n agent van God se liefde en krag wees?**

Tydens een van Jesus se preke (die Bergrede), het Hy aan sy volgelinge verduidelik dat hulle is die "sout vir die aarde" (sien Matteus 5:13). Hoekom sou Jesus die sout metafoor gebruik het? Die eerste ding wat ons moet besef is dat sout maak jou dors en Jesus se volgelinge moet op so 'n manier leef dat mense "dors" na die lewe wat ons leef. Wanneer Christene leef in samewerking met die Heilige Gees, met 'n doelgerigtheid en met vreugde en vrede, skep dit baie keer 'n geestelike dors in die mense om hulle.

Die tweede ding is dat sout bring smaak in slegte situasies. Ons as Christene het nodig om smaak te bring in hierdie wêreld. Ons moet dinge beter maak vir die mense om ons en hulle laat wonder oor hulle eie lewe en of dit nie nodig is om veranderinge te maak nie. Soms is dit nodig om 'n appelkar hier en daar om te gooi omdat ons staan op ons oortuigings wat teen die res van die wêreld is. Die derde ding wat sout doen: dit dien as 'n

preserveermiddel. Wanneer Christene Jesus eer met hulle lewens weerhou hulle morele verval in die samelewing. Hulle keer die golf van boosheid wat konstant die samelewing wil inslyp. Hulle dink anders oor die waarde van mense en menselewens en wat reg en verkeerd is.

Vir sout om egter die grootste impak te hê moet dit sterk genoeg wees om 'n impak te maak. Jesus het gesê: "Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit" (Matteus 5:13). Vir Christene om 'n verskil te maak in 'n donker wêreld, is dit nodig dat ons 'n sterk konsentrasie van Jesus se invloed in ons lewe hê sodat sy krag en teenwoordigheid onmisbaar is vir ander. Maar as die sout sy krag verloor het gaan dit nie 'n dors in ander skep nie, dit gaan nie smaak aan mense se lewe bring nie en dit gaan nie verval keer nie.

Vir sout om 'n invloed te hê moet dit nie net sterk genoeg wees nie, dit moet ook naby kom. Sout in 'n soutpot het geen effek op die kos nie – dit moet naby kom; dit moet op die kos gestrooi word. As ons 'n impak wil maak in hierdie wêreld moet ons 'n hoë konsentrasie van Jesus se invloed hê, maar ons moet ook naby aan mense en situasies kom wat Jesus nodig het sodat Jesus se krag die nodige invloed kan hê. Ons kan nie net 'n besonderse verhouding met Jesus hê en nooit skouers skuur met mense wat die invloed van Jesus nodig het nie.

G

Die tweede metafoor wat Jesus tydens die Bergrede gebruik het was: *“Julle is die lig vir die wêreld”* (Matteus 5:14). Lig maak dinge sigbaar en ons kan sien wat dit werklik is. Regdeur die Bybel word die *“lig”* metafoor gebruik as 'n manier hoe om God se waarheid duidelik en aantreklik aan ander te verduidelik. Dit verhelder en verlig die waarheid om te wys wat dit werklik is. In 2 Korintiërs 4:5-6 skryf Paulus: *“Ons verkondig nie onself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onself as julle dienaars ter wille van Jesus. God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.”* Jesus wil dit dus duidelik maak dat sy volgelinge ander geestelik moet verlig, nie net deur sy geboorte uit te leef nie, maar ook om vir ander sy boodskap van vergifnis en genade met presisie en akkuraatheid te verduidelik. Ons moet dus die vermoë hê om die evangelie aan ander te kan verduidelik.

R

O

Die EVANGELIE EN MISSIE gedeelte van die GROEPE Raamwerk gaan jou help en leer hoe om sterk sout te wees wat naby aan mense kom asook hoe om die evangelie duidelik te verduidelik sodat jy Jesus se missie in woord en daad kan opneem. Al twee is nodig – om 'n lewe te leef wat aantreklik is vir ander, maar ook die vermoë om hierdie lewe te kan verduidelik – woord EN daad.

E

Gebruik hierdie spasie om jou gedagtes en gevoelens oor 'n lewe van missie om te skakel in 'n gebed.

Wat wil jy vir Jesus sê oor jy wat moet sout en lig wees in hierdie donker wêreld?

P

E

PRAAT MET GOD

G

“'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”

Romeine 5:7-8 (ANV)

R

“Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”

1 Johannes 4:19 (ANV)

O

God het jou meer lief as enige iets wat jy jouself kan indink. Daar is doodeenvoudig niks wat jy kan doen wat sal maak dat Hy jou liever sal hê as wat Hy reeds doen nie. Terwyl jy 'n sondaar was, het Hy jou eerste lief gehad. Hy is die een wat jou hart nagejaag het.

E

God se begeerte is dat jy Hom op 'n intieme manier sal leer ken. Gebed is sy geskenk wat vrylik aan jou gegee word, om jou te help om met Hom te kommunikeer en liever te word vir Hom.

P

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

E

My gebedsversoek ten opsigte van 'n situasie in my lewe:

My gebedsversoek ten einde 'n lewe van omgee en missie te leef:

Gebedsversoeke van ander in my groep:

G

R

O

E



E

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E